

Stil, broers, daar dryf 'n huis verby
Dit voel vir my of die helfte van ons ou landjie se bevolking tans op matriekvakansie is en die ander helfte op pad is Polokpietersburg toe.

Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Die jaar se pragfoto's
Meer as 60 fotograwe het vanjaar deelgeneem aan die Images24-kompetisie. Hier is van die beste foto's. Kyk na foto's.



WEN 'N SKI-VAKANSIE VIR TWEE!
*Dis die wenseisoen*
Hoe klink sewe nagte in 'n luukse Switserse ski-oord vir jou? Pak die sneeuhellings na 'n hartlike ontbyt met 'n ski-instrukteur aan



BEELD
Tuisblad
Suid-Afrika
Sport
Opinie
Sake
Wêreld
Motors
Vermaak
In-Diepte
Vroue
Kampus-Beeld
Tot u Diens
Jip
My storie
Video's
Foto's
Fotokompetisie
Kompetisies
Nuusvasvra

SPESIAAL
Skool toe
Survivor
ANC-kongres
Ondersoeke

GEMEENSKAP
Mpumalanga
Tshwane-Beeld
Wes-Beeld
Oos-Rand-Beeld
Noordwes-Beeld

WEER

| | |
|---|---|
| Pta: | 16-27°C |
| Jhb: | 14-24°C |
| Dbn: | 21-24°C |
| Kpstd: | 13-19°C |

Voorspellings

KONTAK ONS
Navrae
Adverteer in Beeld
Klantediens
Briewe
Nuuswenke
Tot U Diens
Biblioteek

Sudoku

VENNOTE
24.com

# Luister na my stem: jy sál géé

Nov 30 2007 09:42:34:987PM - (SA)

Susan Cilliers

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend



'n Tevrede dr. Kishen Dayal ondersoek me. Liesl van Dreau 'n week ná die operasie - en daar is geen teken van infeksie nie. Foto: Bongiwe Gumede

In 'n buitengewone operasie verlede week by die Milpark-hospitaal in Johannesburg is 'n 35-jarige vrou se mangels onder hipnose verwyder, sonder enige pynstillers of narkose.

Me. Liesl van Dreau van Pretoria kon ná die operasie feitlik dadelik normaal eet en het so vinnig herstel dat sy drie dae later weer terug was by die werk. Sy het nie eens antibiotika of anti-inflammatoriese pille gebruik nie en feitlik geen swelling gehad nie.

"Met die operasie het ek 'n gepluk en getrek gevoel, maar die pyn was minimaal," vertel sy.

Die chirurg, dr. Kishen Dayal, sê van Dreau het so min gebloei dat hy net 'n halwe depper gebruik het om die bloed op te vee.

"Dis die eerste keer ooit dat ek mangels onder hipnose verwyder en was verstom met die resultaat. Dit baan die weg na oneindige moontlikhede, onder meer om prosedures soos biopsies onder hipnose in 'n spreekkamer eerder as in 'n teater te doen. Dit sal nie net teaterkoste bespaar nie, maar bloeding en newe-effekte van verdowingsmiddels beperk."




Van Dreau, wat vir 'n uitgewersmaatskappy werk, was maar skrikkerig om haar mangels onder narkose te laat uithaal. Sy is besig met 'n kursus in hipnoterapie en het daar vir dr. Ian Lander ontmoet. Lander, 'n narkotiseur by die Milpark-hospitaal, het Dayal gepols of hy sou kans sien om Van Dreau se mangels onder hipnose te verwyder.

"Ek was eers huiwerig, maar het ingestem om haar te sien. Nadat ek haar ondersoek het, het ek besluit om dit te waag met spesifieke operasie-instrumente wat help om bloeding tot die minimum te beperk."

Van Dreau het vóór die operasie twee sessies met die Johannesburgse hipnoterapeut Tom Budge gehad om haar voor te berei. Die prosedure is in 'n teater gedoen en Van Dreau se toestand is deurentyd gemonitor sodat narkose onmiddellik toegedien kon word indien nodig.

"Dit het Tom ses minute geneem om my onder hipnose te kry. Die hele 30 minute wat die operasie geduur het, het hy vir my gesê ek kán die bloeding beheer, dat ek nie pyn sal voel nie en dat ek goed doen. Toe alles klaar was, het die hele teaterspan spontaan hande geklap."

Dayal sê dis die eerste keer ooit dat hy sien 'n volwasse mangelpasiënt drink Coke in die herstelkamer.

Van Dreau is 'n uur ná die operasie uit die hospitaal ontslaan vir 'n prosedure wat gewoonlik baie pynlik en traumaties vir veral volwassenes is.

Teken in op Beeld

Kry Beeld op jou Facebook-profiel

Kry nuus op jou selfoon by www.beeld.mobi

-- Top stories in hierdie kategorie --

PROMOSIE

**Wen kaartjies vir die Idols finaal!**
Is jy die grootste Idols aanhanger? **Kliek hier** en verdien **500 punte** wanneer jy die *Idols Challenge (powered by OUTsurance)* vraelys voltooi.

**Gratis R100 Internet Kasino-Bonus om jou geluk mee te beproef**
Het jy geweet dat jy als die opwinding van dobbel en groot boerpotte wen uit die gemak van jou huis kan geniet? Aanlyndobbel is die nuwe gonswoord. As jy dit nie doen nie is jy uit pas met die res. Geen deposito is betaalbaar om toegang tot die beste in aanlyndobbeltegnologie te kry nie.KLIEK HIER

**Insurance South-Africa**
Save 30-40% on average. We compare up to 6 insurers rates for you!

**S.A se Eiendom Soek-enjin**
Ons het Eiendomme oor die hele Suid Afrika - Kom kry 'n Winskoop!

Ads door Google

Adverteer in Beeld | Kontak ons | RSS




VIND
- GRATIS Faks-Na-Epos
- Versekering Vir Vroue
- Reis en Verblyf
- Top Afrikaanse Boeke
- Internasionale Lotto
- Versekering
- Eiendomme te koop

VIR ALLE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES
NETADS 24
Alle Kategorieë
SOEK
Plaas jou **GRATIS** advertensie hier!
SOEK | KOOP | VERKOOP

VIND JOU OU SKOOLVRIENDE



Kies jou skool se provinsie

Kies

en klik op die eerste letter van jou skool
A B C D E F G H I J K L M N
O P Q R S T U V W X Y Z